**Sal Ek vir Abraham geheim hou wat Ek gaan doen? (OP150)**

**Gen 18:16-33**

**15 Oktober 2023**

Laasweek het ons stil gestaan by die laaste gedeelte van Gen 17 en die eerste gedeelte van Gen 18. Die fokus in Gen 17 was op die feit dat die Here aan Abraham beloof het dat Sara oor 'n jaar 'n seun sou hê, en Abraham wat daaroor gelag het omdat dit vir hom so irrasioneel was. In Gen 18 het die Here weer vir Abraham besoek, en weer die belofte herhaal – op so 'n manier dat Sara dit ook gehoor het, en sy het ook daaroor gelag vir dieselfde rede. Ons het na drie toepassings uit hierdie gedeeltes gekyk: (1) Abraham se gasvryheid toe hy die Here en die twee engele tydens die besoek in Gen 18 ontvang het, het aanleiding daartoe gegee dat hy en Sara 'n heilsmoment ervaar het. (2) Al fokus die Here nie altyd op dieselfde manier op individuele gelowiges nie, fokus die Here wel spesifiek op een of ander stadium op elke individuele gelowige, en het elke gelowige ook 'n spesifieke rol om te vervul wat bydra tot die vervulling van die Here se verlossingsplan. (3) Aspekte van die Here se verlossingsplan is, menslik gesproke, irrasioneel. Maar, deur gebeure soos die geboorte van Isak vir Abraham en Sara op 'n hoë leeftyd en t.p.v. Sara se onvrugbaarheid, leer die Here ons dat niks vir Hom te wonderbaarlik is nie, en berei ons ook voor vir verdere aspekte in Sy verlossingsplan wat vir ons ook moeilik is om te begryp, soos die maagdelike geboorte van die Here Jesus.

Vandag wil ek fokus op die res van Gen 18, vanaf vers 16 tot 33, en die fokus val in hierdie gedeelte op die tweede doel van die Here se besoek aan Abraham, waar die Here aan Abraham bekend wil maak wat Sy plan met Sodom is. Lees Gen 18:16-17. Vers 16 leer ons, na die ete wat Abraham vir die Here en die twee engele voorgesit het, en na die gesprek oor Sara na die ete, het die manne opgestaan – die manne is natuurlik die Here en die twee engele. Hulle het in die rigting van Sodom gekyk – onthou hulle het Abraham by Hebron besoek, so ons kan aflei hulle het in 'n oostelike rigting gekyk. In die proses het hulle ook aanstaltes gemaak om te vertrek, en Abraham het saam met hulle gestap om hulle af te sien. In vers 17 lees ons dat die Here aan die Woord is. Maar die Here praat nie met Abraham nie – nee, die Here praat met ons as die lesers. Die Here gee vir ons as die lesers insig in wat in die Here se gedagtes is. Die vraag waaroor die Here in Sy gedagtes redeneer is: "Sal Ek vir Abraham geheim hou wat Ek gaan doen?" Dit is dan ook die fokus van vandag se studie. Ek wil hieroor besin onder die volgende vier punte: (1) Wat is dit wat die Here nie vir Abraham geheim wil hou nie? (Gen 18:20-21), (2) Hoekom wil die Here dit nie vir Abraham geheim hou nie? (Gen 18:17-19), (3) Abraham se reaksie op wat die Here aan hom geopenbaar het (Gen 18:22-32), en (4) Wat ons leer oor die Here se oordeel.

<u>Wat is dit wat die Here nie vir Abraham geheim wil hou nie? (Gen 18:20-21)</u>

Lees Gen 18:20-21. Die Here is weer aan die woord, en die keer blyk dit dat Hy wel met Abraham praat. Die Here sê die sonde van Sodom en Gomorra was uitermate erg. Wel, destyds toe Abram en Lot se paaie geskei het, en Lot die Jordaanstreek gekies het wat Sodom ingesluit het, het die Here ons al in Gen 13:13 gewaarsku dat die manne van Sodom baie sleg en sondig was voor die Here. In Gen 19 sal ons meer leer van hierdie sonde – ons lees bv in verse 4-5 dat die manne van die stad gemeenskap wou hê met Lot se besoekers – dus met die twee engele wat by Abraham geëet het – dit is voorwaar erg. Die Here sê ook vir Abraham dat daar 'n hulpgeroep was oor die sonde van Sodom. Dit word nie aan ons verduidelik presies wat die inhoud van die hulpgeroep was of deur wie dit gebring is nie. Dit mag wees dat iemand spesifiek hieroor tot die Here geroep het om hulp, of dit kan wees dat die sonde van die stad tot die Here gekom het soos Abel se bloed wat vanuit die grond

tot die Here bly roep het na hy deur Kain vermoor is (Gen 4:10). Die Here sê vir Abraham dat Hy Sodom wil gaan besoek om uit te vind of die sonde van die stad werklik so erg is as wat die hulpgeroep wat tot die Here gekom het, aangedui het. En as dit nie so erg is nie, wil die Here dit ook weet. Uit die gesprek tussen Abraham en die Here later in die hoofstuk, en ook uit die gebeure in Gen 19, weet ons dat die doel van die Here is om die stad te verdelg as dit sou blyk dat die sonde wel so erg is. Natuurlik weet ons dat die Here alwetend is, en dat dit nie nodig is dat die Here eers ingelig hoef te word wanneer 'n stad in sonde val voordat die Here dit weet nie. Natuurlik weet ons ook dat die Here nie eers na Sodom hoef te gaan om Homself te oortuig dat die sonde wel erg is nie. Die punt wat die Here egter aan Abraham, en dus ook aan ons, wil maak is dat Hy nie ligtelik oordeel nie. Abraham en ons moet weet, die Here neem groot sorg en maak doodseker voordat Hy oordeel. Hy wil ook weet as die sonde nie so erg is dat Hy hoef te oordeel nie. Uit Gen 19:1 word dit duidelik dat die Here eers die twee engele na Sodom toe gestuur het om die situasie te ondersoek – onthou twee getuies was nodig in 'n hofsaak. Abraham, en ons, moet verstaan die oordeel van die Here is ernstig, maar dit is gebaseer op akkurate en geverifieerde inligting – dit is wat die Here nie vir Abraham geheim wil hou nie.

<u>Hoekom wil die Here dit nie vir Abraham geheim hou nie? (Gen 18:17-19)</u>

Lees Gen 18:17-19. Ons verstaan nou dat die Here nie vir Abraham geheim wil hou dat Hy op die punt staan om Sodom te oordeel nie a.g.v. die erge sonde van Sodom. Die vraag wat dit skep, is: Hoekom wil die Here dit nie vir Abraham geheim hou nie? Immers: Dit is Sodom wat gesondig het – nie Abraham nie. Abraham het geen bydrae gemaak tot die sonde in die stad nie. Immers gaan die Here oor Sodom oordeel sonder dat Abraham aan die oordeel gaan deelneem. Abraham gaan nie die oordeel uitvoer nie – in Gen 19:24-25 lees ons dat dit die Here is wat swael en vuur vanuit die hemel op Sodom laat reën het. Hoekom het die Here besluit dat Abraham ingelig moet wees oor Sy komende oordeel oor Sodom? Kom ons kyk na verse 17-19. Ons gaan sistematies deur die verse werk en poog om die argument van die Here te verstaan:

- In vers 17 vra die Here Homself af of Hy vir Abraham geheim sal hou rakende Sy oordeel oor Sodom.
- In vers 18 redeneer die Here: Sal Hy dit vir Abraham geheim hou, <u>terwyl</u> Abraham beslis 'n groot nasie gaan word en al die nasies deur hom geseënd sal wees. Nou, ons weet natuurlik dat die inhoud van vers 18 deel is van die beloftes van die Here aan Abraham – gaan lees maar weer Gen 12:2-3. Die vraag wat die Here dus vra is: Sal Hy vir Abraham in die geheim hou oor die komende oordeel oor Sodom, terwyl die Here juis aan Abraham beloof het dat hy 'n groot nasie sal wees, en dat al die nasies deur hom geseënd sal wees?
- In vers 19 redeneer die Here nog verder. Hierdie vers begin met die woord "want" – hier word dus nog redes gegee hoekom die Here nie vir Abraham in die geheim wil hou nie. En die rede wat die Here aanvoer is: Hy het Abraham gekies – ons weet dit ook al uit Gen 11-12. Die rede waarom die Here Abraham gekies het, is sodat hy sy kinders en huishouding die opdragte van die Here kan leer, en hulle dan die pad van die Here sal loop deur te doen wat reg en billik is. Wel, dit maak ook sin: In Gen 17:1 het ons geleer dat die Here van Abraham verwag het om onberispelik voor die Here te leef – dus om in geregtigheid te leef. In Gen 17:11-12 het die Here ook die opdrag gegee dat Abraham se kinders en sy hele huishouding saam met hom besny moes word. Sy kinders en huishouding is ook blootgestel aan die verbond van die Here met Abraham – hulle het dus ook behoefte om besny te word aan die hart, hulle moet ook glo om daardeur geregtigheid te ontvang, en dan moet hulle ook daarna in geregtigheid leef. Abraham moet dit alles vir sy kinders en sy huishouding leer. En dan sluit vers 19 af met 'n "sodat": Abraham moet dus sy kinders en huishouding van die

Here leer, en hulle moet dan op die pad van die Here wandel in geregtigheid – sodat die Here met Abraham kan laat gebeur wat Hy aan hom beloof het. Wat is dit wat die Here aan Abraham beloof het? 'n Groot menigte van mense wat deur geloof deel word van Abraham se ware nageslag, wat kom uit al die nasies – wat saam met Abraham vir ewig in die ware beloofde land sal leef, wat ons verstaan die ewige lewe op die nuwe aarde is.

Kan ek dit nog 'n keer probeer verduidelik? Kom ons redeneer terug van die einde van vers 19 af na vers 17 toe:

- Die Here sê Hy het 'n einddoel: Hy wil met Abraham laat gebeur wat Hy aan hom beloof het – ons verstaan dit is Abraham se ware nageslag vanuit al die nasies wat in geregtigheid voor die Here leef – *dit is die laaste deel van vers 19*.
- Om by daardie eindpunt uit te kom het die Here vir Abraham gekies, en die Here verwag van Abraham dat hy sy kinders en huishouding moet leer om in die Here te glo en om in geregtigheid voor die Here te leef – *dit kom uit die eerste gedeelte van vers 19*.
- Maar om by daardie finale eindpunt uit te kom, is daar nog 'n saak: Abraham moet nie net sy kinders en huishouding leer om die Here te dien nie, nee, Abraham moet ook 'n seën vir al die nasies van die aarde wees. Abraham sal groter moet dink as sy verantwoordelikheid teenoor sy kinders en huishouding – hy moet dink in terme van al die nasies van die aarde – *dit kom uit vers 18*.
- En daarom wil die Here nie vir Abraham in die geheim hou oor Sy oordeel oor Sodom nie – *dit kom uit vers 17*.

Dit blyk dus Abraham het twee verantwoordelikhede: Aan die een kant: sy gesin, kinders en huishouding wat hy moet leer. Aan die ander kant: die nasies van die aarde vir wie Hy tot seën moet wees. En die Here het nou geoordeel wat beide hierdie verantwoordelikhede betref, sal dit goed wees as Hy aan Abraham bekend maak wat Hy beplan met Sodom. Hoekom is dit nodig dat Abraham moet weet die Here beplan om Sodom te verwoes? Wel: In Sodom is daar mense wat deel is van die nasies van die aarde – vir wie Abraham tot seën moet wees. En, in Sodom is daar mense wat ten minste tot onlangs deel was van Abraham se huishouding, Lot en sy vrou en kinders – wat hy moes leer. As gevolg van die verantwoordelikhede wat die Here vir Abraham gegee het, moet hy nie in die geheim wees oor die beplande oordeel van die Here nie.

Natuurlik kan ons die lyn nou verder trek: Soos wat die Here geoordeel het Abraham moet ingelig wees oor die oordeel van die Here, so oordeel die Here ook dat die ware nageslag van Abraham, d.w.s. ons as gelowiges, ook ingelig moet wees oor Sy oordeel – ons moet ook ons kinders en huishoudings hiervan leer, en ook wat die oordeel van die Here betref tot seën wees vir die nasies.

<u>Abraham se reaksie op wat die Here aan hom geopenbaar het (Gen 18:22-32)</u>

Lees Gen 18:22. Ons lees dat die manne daarvandaan weggedraai het en na Sodom gegaan het. Maar Abraham het nog voor die Here bly staan. Dit blyk dus dat die twee engele wat saam met die Here Abraham besoek het, na Sodom toe gegaan het – soos wat ons lees in Gen 19:1.

Die 2020 DAV, en verskeie ander vertalings, sê dat Abraham nog voor die Here bly staan het. Daar is egter 'n onderskrif in die 2020 vertaling wat sê die oorspronklike het gesê: "Maar die Here het nog voor Abraham bly staan" – blykbaar is daar in van die vroeëre geskrifte notas wat aandui hierdie oorspronklike bewoording is aangepas na Abraham wat voor die Here bly staan het, in plaas vandat die Here voor Abraham bly staan het – blykbaar uit eerbied vir die Here, en dat Abraham eerder voor Hom moet staan as andersom. Maar dit lyk vir my ons moet eerder lees: maar die Here het nog voor Abraham bly staan. Dit lyk dus of die Here nou vir Abraham wag – die Here het aan hom verduidelik

dat die sonde van Sodom erg is, en by implikasie dat die Here daar gaan ingryp. Verder weet Abraham uit alles wat sedert Gen 12 gebeur het wat die Here met hom en deur hom beplan. En nou wag die Here op Abraham.

Lees Gen 18:23-25. Abraham gaan nader – nader na die Here toe. En dan vra hy of die Here werklik regverdiges saam met goddeloses gaan verdelg. Onthou nou wie die "regverdiges" is: Hulle is die mense wat geregverdig is deur die geloof – soos wat Abraham geregverdig is deur sy geloof. Hulle het geregtigheid ontvang omdat hulle geglo het, hulle is die ware nageslag van Abraham. Die "goddeloses" is die res van die mense. Onthou, ons het al in Gen 3 gesien dat die mensdom verdeel is: die nageslag van die vrou – dit is die regverdiges of die ware nageslag van Abraham; en die nageslag van die slang – dit is die goddeloses, die wat nie deel is van die ware nageslag van Abraham nie. En Abraham se vraag aan die Here is of Hy in Sy oordeel regverdiges saam met die goddeloses sal verdelg. Abraham redeneer: sê nou maar daar is 50 regverdiges in Sodom – sal die Here dan steeds die stad verdelg a.g.v. die erge sonde wat daar plaasvind? Sal die Here die 50 regverdiges op dieselfde manier hanteer as wat Hy die goddeloses hanteer? In vers 25 redeneer Abraham die Here sal tog nooit so iets doen nie. Abraham verstaan die Here is die Regter van die aarde – hy verstaan dus dat die Here gaan oordeel. Sy besorgdheid is egter dat die Here tog die Een is wat geregtigheid gee aan die wat in Hom glo – Hy is dus die Here van geregtigheid. Dan moet Hy tog sekerlik reg laat geskied in Sy oordeel, dan moet die Here tog sekerlik reg oordeel – en dan moet daar tog onderskeid wees tussen hoe die Here optree teenoor die regverdiges en die goddeloses in die stad. Abraham se punt is, dat as die Here regverdig wil wees in Sy oordeel, moet die 50 regverdiges tog swaarder weeg in die oë van die Here – al is die sonde van hoe baie mense in die stad ook hoe erg.

Lees Gen 18:26. Die Here stem saam met Abraham: as daar 50 regverdiges in die stad is, sal die Here nie die stad summier uitdelg nie. Hierna redeneer Abraham verder met die Here: In vers 28 vra hy of die Here die stad sal verdelg as daar 45 regverdiges is – en die Here sê Hy sal nie. In vers 29 vra Abraham en wat van as daar 40 regverdiges is – en die Here sê Hy sal dan nie die stad verwoes nie. In vers 30 is die vraag: Wat van 30? En die Here sê Hy sal dan steeds nie die stad verwoes nie. In vers 31: Wat van 20? En die Here sê Hy sal dan nie die stad verwoes nie. In vers 32: Wat van 10? En die Here sê weereens dan sal Hy nie die stad verwoes nie.

Dit is verstommend wat hier gebeur: As't ware het die Here aan Abraham bekend gemaak Hy is op die punt om Sodom te oordeel a.g.v. die erge sonde in die stad. Maar dan kom staan die Here voor Abraham – en dit is asof die Here vir Abraham sê: Hier is jou geleentheid om jouself te oortuig dat My oordeel regverdig is – amper asof Abraham die geleentheid gegun word om te oordeel oor die regverdigheid van die Here se oordeel. Nou, ons sien hoedat Abraham dit met huiwering doen: vers 27 sê Abraham het besef hy is maar net stof en as, en tog mog Hy met die Here hieroor praat. Verse 30, 31 en 32 beskryf ook hoe Abraham huiwerig is om dit te doen – maar die Here antwoord Abraham geduldig. Uit die Here se antwoorde, moes Abraham noodwendig die gevolgtrekking maak dat die Here se oordeel inderdaad regverdig sal wees. Boonop leer Abraham ook dat in die oordeel van die Here weeg 'n regverdige baie swaarder as 'n goddelose, selfs baie swaarder as baie goddeloses. Trouens, die Here is bereid om die oordeel te stop solank daar nog gelowiges in die stad oor is.

Ons sal in Gen 19 sien hoedat die Here eers vir Lot en sy vrou en dogters uit Sodom gelei het voor Hy die stad verwoes het. Daar is natuurlik meer sulke gevalle vir ons in die Bybel opgeteken: Dink maar aan Ragab wat as enkeling gespaar is voor Jerigo deur die Here verwoes is (Jos 2), of dink aan Nineve wat deur die Here gespaar is toe hulle hulle bekeer het na Jona se prediking (Jona 3-4), of dink aan Eseg 14:12-20 waar die Here praat oor Sy oordeel oor 'n stad of 'n land – maar dan sê die Here dat

as Noag, Danel of Job in die stad of land was, dan sou hulle tog gespaar gewees het – want hulle is regverdiges.

Bo en behalwe dat Abraham geleer het dat die Here regverdig sal wees in Sy oordeel, het Abraham nog iets geleer – hy het 'n aspek geleer van hoe hy tot seën kan wees vir die nasies. Hy kon met Sodom voor die Here kom en pleit vir die bewaring van enige regverdige in die stad. Bo en behalwe dat Abraham sy kinders en huishouding moet leer van die oordeel van die Here, moet die nasies ook gewaarsku word. Ja, dit sal later in die openbaringsgeskiedenis in meer detail uitgewerk word: Byvoorbeeld as Jona na Nineve toe gaan doelbewus om hulle te waarsku oor die komende oordeel van die Here, of as Ragab doelbewus uit Jerigo gelei moet word voor die oordeel van die Here die stad tref. En natuurlik, is die dringendheid in die Nuwe Testament des te meer daar dat die kerk die wêreld moet waarsku oor die oordeel van die Here – dink maar net aan daardie twee getuies wat uitgestuur word in Op 11.

Ons sien hier dat Abraham begin optree as 'n profeet. Amos 3:7 sê: "Ja, my Heer, die Here, doen niks nie, tensy Hy Sy vertroulike besluit openbaar aan Sy diensknegte, die profete". Soos wat die Here Sy plan aan die profete bekend gemaak het, so het die Here hier aan Abraham Sy plan bekend gemaak – om Sodom te oordeel. Ons sien ook dat Abraham hier begin optree het as 'n priester, deurdat hy vir regverdiges in Sodom gepleit het.

<u>Wat ons leer oor die Here se oordeel</u>

Ek wil nou besin oor wat ons in hierdie gedeelte leer oor die Here se oordeel, en hoe dit ons lewens raak.

'n Wyle gelede het ons stil gestaan by die verbond van die Here met Noag. Daar het ons gesien dat die Here beloof het om vir solank die wêreld bestaan nie weer die aarde te verwoes soos wat Hy sopas in die sondvloed gedoen het nie. Die sondvloed was natuurlik God se oordeel oor die boosheid van die mens. Maar, ons verstaan ook dat daar wel God se finale oordeel sal wees aan die einde van die tyd, oftewel aan die einde van die bestaan van die wêreld soos wat ons dit tans ken. Ons het daaroor besin dat die rede waarom die Here Sy oordeel uitstel, is sodat Hy daardeur genadetyd skep, en dat Hy tydens hierdie genadetyd Sy verlossingsplan bekend kan maak en implementeer – en natuurlik is die verbond met Abraham 'n kardinaal belangrike element van hierdie verlossingsplan, soos wat ons oor die afgelope paar weke gesien het. Ons het gesien dat die Here groot beloftes gemaak het aan Abraham en sy ware nageslag: hulle sal geregtigheid ontvang omdat hulle glo, hulle sal in vrede sterf, hulle sal na die finale oordeel deel wees van die nuwe Jerusalem wat na die nuwe aarde neerdaal waar hulle vir ewig sal woon en die Here hulle God sal wees. Dit is alles heerlike vooruitsigte. Maar, hier in Gen 18 het die Here geoordeel dat daar nog iets is wat Hy nie vir Abraham geheim wil hou nie – en dit is dat die Here gaan oordeel. Die Here gebruik juis die sonde van Sodom om dit vir Abraham te leer. Ons weet in Gen 19 het die Here inderdaad Sodom verwoes – Hy het dus geoordeel. Die punt wat Abraham, en ons, moet leer is dat die Here oordeel – selfs voor die finale oordeel wat uitgestel is in die Noagverbond tot aan die einde van die tyd. Dit is nie in stryd met die Noagverbond nie, maar aanvullend daartoe. Ja, aan die einde van die tyd gaan die Here finaal oordeel – en dan gaan die duiwel en al sy engele en al die goddeloses finaal in die vuurpoel gegooi word, maar intussen, op pad na die finale oordeel, gaan die Here ook oordeel.

Onthou hoe ons met die instelling van die Noagverbond gesien het dat die Here 'n hoë premie daarop geplaas het dat moordenaars met die dood gestraf moes word – ons het gesê dit was 'n meganisme wat die Here gebruik om die toename in boosheid in die wêreld te rem, sodat daar tyd kan wees vir die volle ware nageslag van Abraham om tot geloof te kom. Onthou ons met die toring-

van-Babel-gebeure gesien het hoe die Here die tale van die mense verwar het – weereens ‘n meganisme om die tempo van toename in boosheid te rem. Wat die Here nou aan Abraham bekend maak is dat daar nog so ‘n meganisme is: die Here kan ook oordeel bring oor iemand of oor ‘n stad of oor ‘n groep – selfs voor die finale oordeel. Hierdeur wil die Here ook die toename in boosheid op die aarde rem. En Abraham, en ons as gelowiges wat deel is van die ware nageslag van Abraham, moet dit weet – die Here het geoordeel dit moet nie vir ons ‘n geheim wees nie.

Maar die Here het ook hier vir Abraham, en ons, meer geleer oor hoe hierdie oordele van die Here wat van tyd tot tyd mag kom. Ons het gesien die Here doen dit nie ligtelik nie: Hy het gehoor van die sonde van Sodom, maar voor Hy oor hulle oordeel, stuur Hy eers twee engele om te gaan seker maak wat die situasie is. Twee engele word gestuur – twee getuies moet getuienis lewer. Verder gaan staan die Here voor Abraham en wag dat Abraham ook betrokke moet raak. Enersyds het Abraham die geleentheid gehad om homself te vergewis dat die oordeel van die Here regverdig is, maar andersyds het hy ook die geleentheid gehad om te pleit vir die regverdiges wat in Sodom mog wees. Ons het ook geleer dat regverdiges vir die Here baie swaarder weeg as goddeloses: as daar selfs net 10 regverdiges in die stad is, sal die Here eerder die stad spaar as om die regverdiges saam met die goddeloses te oordeel. Dit blyk later dat daar in Sodom selfs nie 10 regverdiges was nie – maar ons sal in Gen 19 sien dat die Here die enkeles wat daar was, eers uitgelei het voor Hy die stad verwoes het. Die punt is dat die Here eerder so ‘n oordeel sal uitstel as om regverdiges ook te oordeel. Dit is hoe besorgd die Here is oor die regverdiges. Dit beteken nie die Here is onregverdig in die sin dat die goddeloses nou ongestraf gelaat word nie – onthou die finale oordeel kom steeds. Maar die Here sal eerder boosheid tydelik oorsien, as om regverdiges te vernietig in so ‘n oordeel. Dit is in lyn met die gelykenis van die onkruid tussen die koring in Mat 13:24-30, 36-43 – daar is die onkruid toegelaat om te groei tussen die koring tot met die oestyd, om seker te maak koring word nie saam met onkruid uitgetrek voor die oestyd nie. Maar in die oestyd, is al die onkruid van die koring geskei en vernietig. Dit verduidelik aan ons hoekom daar soveel boosheid in die wêreld is, en hoekom ons partykeer wonder hoekom die Here nie ingryp nie – die Here is meer besorgd oor die regverdiges as om nou al die goddeloses te straf. Ons moet leer om ons te berus in die feit dat al stel die Here die oordeel uit, Hy sal wel oordeel. Maar van tyd tot tyd sal daar ook gevalle wees waar die Here wel reeds sal oordeel voor die finale oordeel, en die doel daarmee is om die toename in boosheid te rem – soos wat die geval was met Sodom.

Wat was die implikasies hier van vir Abraham, en wat is die implikasies vir die gelowiges? Wel, ons het gesien Abraham en sy nageslag het die verantwoordelikheid om hulle kinders en huishoudings te leer om te glo en om in geregtigheid te leef. Daarmee saam moet hulle ook hulle kinders en huishoudings leer van die komende oordeel van die Here – beide die finale oordeel aan die einde van die tyd, maar ook die oordeel van die Here voor die einde van die tyd, wanneer die Here oordeel om iemand of ‘n groep of ‘n stad te vernietig, sodat hulle nie verdere boosheid op die aarde aanmoedig nie. Maar Abraham en sy nageslag het ook ‘n verantwoordelikheid selfs buite hulle huishoudings – hulle moet tot seën wees vir die nasies van die aarde: Abraham moes intree vir Sodom, Jona moes Nineve gaan waarsku, die verkenners moes Ragab uit Jerigo uitlei. Ons moet nie net die evangelie van verlossing verkondig nie – ons moet ook God se oordeel verkondig. Ons moet dit nie net in ons huise verkondig nie, ons moet dit ook in die wêreld verkondig.

Maar, in dit alles kan die ware nageslag van Abraham ook sekerheid hê dat die oordeel van die Here hulle nie sal tref nie – nie voor die finale oordeel nie, en selfs ook nie in die finale oordeel nie. Dit beteken nie dat hulle nie van tyd tot tyd getoets sal word nie, dit beteken nie dat hulle van alle swaarkry gevrywaar is nie. Maar wanneer die toetse en die swaarkry kom, sal dit nie die oordeel van

die Here wees wat hulle tref nie, maar sal dit hoogstens ‘n beproewing wees waardeur die Here hulle wil laat groei in hulle geloof en in hulle lewens van  geregtigheid.